Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 3 Augustus 1949 Prys 3d. No. 37

# Jode Se Frankenstein Slaan Toe Teen Hulle

## Misgissing In Rusland

**Die Jode se eie Frankenstein het tans teen hulle in Rusland gedraai met die gevolg dat die Joodse droomparadys van 'n internasionale staat waarin hulle 'n belangrike rol sou speel, vernietig is. Dit is die bevinding van 'n skrywer in die Jewish Herald wat die verhouding van die Jode tot die kommunisme behandel en aantoon hoe sy rasgenote vandag in Rusland vervolg word juis omdat hulle nog vaskleef aan die oorspronklike ideale van die kommunisme.**

**Met hierdie erkenning hang 'n tweede saam: dat die oorlog wat grootliks deur die Jode ontketen is om Joodse vervolging in Duitsland te wreek, juis gelei het tot die opwekking van die Russiese wrewel teen die Jodedom, en daar dus 'n nuwe vyand van die Jode in Europa opgestaan het in die plek van Nazi-Duitsland.**

**„Die afrekening met die Jode in Sowjet-Rusland is van belang vir nasionale Jode omdat dit een van die laaste illusies vernietig waaragter die Jodedom vir die werklikheid probeer wegkruip het," skryf 'n medewerker in die Jewish Herald.**

„Ooreenkomstig die Marxisme sal alle nasionale grense uitgewis word sodra 'n sosialistiese (of kommunistiese) staat gevestig word.

**„Aangesien die Jode vreemdelinge is, met geen wortels in die landsbodem nie, het hulle hierdie leerstellings van Internasionalisme omhels. Maar hulle het vergeet dat dit vir ander nie so maklik is om hulle los te maak van hulle nasionale tuiste, hul nasionale lewe en van die diepgesetelde gehegtheid aan die bodem waarop hulle gebore is nie."**

### PARADYS

Die skrywer vertel voorts dat Joodse kommuniste die illusie gehuldig het dat 'n Internasionale paradys sal ontstaan sodra kapitalistiese uitbuiting uitgeskakel is. In hierdie Internasionale paradys sou die Jodedom tot volle emansipasie kom, want in hierdie paradys sou hulle — en alle ander mense net soos hulle — wêreldburgers word sonder nasionale tuistes.

Na die kommunistiese rewolusie is die Jode deur die kommunistiese heersers van Rusland oor dieselfde kam geskeer as die ander nasionaliteite in die land. Vir hulle is 'n aparte gebied afgestaan en hulle ... aangemoedig om hul eie kultuur te ontwikkel deur middel waarvan hulle die kommunisme kan absorbeer. Op hierdie manier het Jiddiese skole en tydskrifte ontstaan. **Maar geleidelik het die Jode hul territorium verlaat en weer oor die land versprei, sodat net die Jiddiese skole en tydskrifte oorgebly het om die Jode die kommunisme te leer.**

### WOU ASSIMILEER

Omdat die Jode in gebreke gebly het om 'n outonome nasionale gebied te skep, het die kommunistiese heersers besluit dat hulle geassimileer moet word en dat hulle nasionale identiteit uitgewis moet word. Hierdie beleid is verskerp omdat 'n nasionale gevoel by alle Jode opgewek is uit Palestina — ook by die Jode in Sowjet-Rusland.

Eindelik, na 32 jaar is 'n Joodse illusie dat kommunisme emansipasie van die Jode sou meebring vernietig. Kommunisme se oplossing van die Joodse probleem is algehele assimilasie. **Maar terselfdertyd bewys die kommuniste se vyandskap teen die „kosmopolitaanse joernaliste van die Sowjet" dat assimilasie in 'n kommunistiese staat ook 'n illusie is. Hierdie vyandskap teen Jode word openbaar omdat die Jode, in hul strewe na Internasionalisme, nooit agtergekom het dat die kommunisme in Rusland 'n nasionale karakter begin aanneem het nie.**

### NASIONALISME

Gedurende die afgelope oorlog het nasionalisme weer wortel geskiet in Rusland, met die gevolg dat Rusland uit die oorlog getree het as die „mees nasionaal-gesinde en mees chauvinisties-gesinde land in die wêreld."

Aangesien die Jode geen eie nasionale tuiste het nie, het die Joodse kommuniste glad nie begryp wat Tito so besonder duidelik ingesien het nie — **„dat Russiese kommunisme inderdaad nasionale kommunisme is en dat alle ander kommunistiese lande en partye eenvoudig handlangers van die Russiese imperialisme is."**

Omdat die herlewing van nasionalisme in kommunistiese Rusland nie deur die Jode wat maar voortgegaan het om Internasionaliste te wees—besef is nie, het hulle ook nie agtergekom dat hulle uit voeling is met die Russe nie. **Maar die Russiese kommuniste het dit gou agtergekom, en 'n kruistog is teen hulle onderneem. Van selfsprekend is die slagoffers van die verandering in die Sowjet-mentaliteit „die Joodse skrywers, Joodse joernaliste, Joodse digters en selfs die Joodse musici." Want dit is hulle wat nog steeds Internasionalisme verkondig — selfs nadat die Sowjet reeds nasionaal geword het.**

Op hierdie wyse is ook die illusie van kosmopolitanisme of internasionalisme vernietig na 'n proeftyd van 32 jaar. **Ons Sioniste, besluit die skrywer, is nie spyt hieroor nie. Hoe meer illusies vernietig raak hoe treffender blyk die werklikheid van die Staat van Israel.**

# Duitsers Word Te Nasionaal Vrees Oorwinnaars

**Die Geallieerde owerhede in Wes-Duitsland voel ernstig verontrus oor die agressiewe houding wat die Duitsers begin aanneem noudat die verkiesing, wat op 14 Augustus plaasvind, nader. Die verkiesingstoesprake van die Duitse leiers word as „reaksionêr en nasionalisties" beskryf.**

Aan die spits van hierdie toenemende vyandigheid teenoor die Britte en Amerikaners is dr. Kurt Schumacher, die leier van die Sosialiste. Hy het reeds geëis dat die Britse en Amerikaanse besetting beëindig moet word. Schumacher het ook swaarde gekruis met Bevin, Britse minister van buitelandse sake, oor die aftakeling van Duitse fabrieke, 'n praktyk wat Bevin as geregverdig beskryf.

Ook van die kant van die Christelike Demokrate se leier, dr. Konrad Adenauer, is hewige aanvalle op Bevin se beleid geloods. „Die Duitsers sal nie die Britse aanvalle op Duitse stede vergeet nie," het hy gesê.

Waarnemers berig dat die klanke van die ou Nazi-lied ook gehoor kan word by die Ryksparty, 'n groep wat 'n tyd lank in die ban gedoen was weens sy sterk nasionalisme. Die groep neem ook deel aan die verkiesing. Die leier van die beweging, Hillebrecht, het verklaar dat die groep nie militaristies is nie, maar dat dit „'n nuwe volksbeweging" is.

Die eerste minister van Noord-Rhyn-Wesfale, Karl Arnold, het in 'n toespraak geëis dat die vonnisse van die Amerikaanse regters ten opsigte van die Duitse oorlogmisdadigers, hersien word.

Hy het gesê dat niks die geestelike verwarring van die tyd duideliker weerspieël nie as die feit dat daar saam met die werklike oorlogmisdadigers ook manne by Neurenberg gevonnis is wat hul lewe gewaag het om die uitbreek van die oorlog te voorkom.

„Ons moet van die besettingsmagte eis dat hulle òf hierdie vonnisse hersien òf vryskelding verleen," het hy bygevoeg.

Hy het veral daarop aangedring dat baron Von Weizhacker, voormalige sekretaris van die Duitse departement van buitelandse sake, losgelaat word.

## *167,363 Indiërs In Oos-Afrika*

**Daar is 167,363 Indiërs in Kenia, Tanganjika en Uganda woonagtig, volgens die eerste verslag van die Kommissie vir Oos-Afrika, wat op 1 Januarie verlede jaar in die lewe geroep is om die Oos-Afrikaanse Goewerneurskonferensie te vervang.**

**In Kenia is 90,295 en in Tanganjika 44,248 Indiërs.**

## „In Diens Van Sy Majesteit"

**'n Korrespondent in Die Transvaler wil weet waarom ons nog „In diens van Sy Majesteit" is as ons dan nie meer Britse onderdane is nie. Hy skryf:**

**„Dis nou al geruime tyd dat sekere dinge my as Afrikaner dwars in die krop steek. Ek is van mening dat die tyd nou aangebreek het dat die dinge sonder versuim reggemaak moet word, nie deur 'n gesloer wat nog jare kan beteken nie, maar nog vanjaar voordat die Voortrekkermonument onthul sal word.**

**„(1) Die opskrifte van al ons offisiële koerante is: ‚In Diens van Sy Majesteit'. Waarom so? Ons is mos al baie jare lank geen trou aan die Britse koning verskuldig nie en ons staan tog immers nie in sy diens nie. Waarom moet ons nog voortsukkel met sulke verouderde opskrifte? En as dit nog so moet wees, waarom word dit dan nie aan ons prontuit meegedeel dat ons nog steeds Britse onderdane is nie?**

**„(2) Van die Krugersdorpse munisipaliteit het ek 'n aansoekvorm ontvang om as kieser geregistreer te word en volgens punt (2) van die aansoekvorm verklaar ek plegtig dat ek 'n meerderjarige Britse onderdaan is. Is dit dan nie onsin nie of dwaal ek.**

**„(3) Ons muntstukke dra nog steeds die Britse koning se kop. Waarom? As dit nie meer nodig is nie, waarom laat die Regering dan nie al die muntstukke met die koning se kop op, smelt en hermunt met iets eg Afrikaans soos in die geval van ons seëls nie."**

# Rusland Beskik Oor Amerikaanse Atoom-Apparaat Sedert 1947

**Die feit dat Rusland dieselfde tipe toerusting uit Amerika ingevoer het as wat Amerika gebruik vir sy atoomnavorsing, het so pas aan die lig gekom in 'n verslag van die Federale Buro vir Ondersoek. Die bestelling is twee jaar gelede uitgevoer. Toe soortgelyke bestellings in 1948 en 1949 geplaas is, is dit voorgekeer.**

**Hierdie besonderhede, soos vervat in die verslag, het aan die lig gekom tydens die spioenasie-verhoor van ene Judith Coplon. Ene Amtorg het hierdie uitrusting vir atoomnavorsing sonder behoorlike verlof gekoop en na Rusland uitgevoer. Die versending is op 27 Augustus 1947 weggestuur en het Rusland veilig bereik.**

**In die verslag word verklaar dat Amtorg kennis van hierdie instrumente gedra het en dat hy ook baie belang gestel het in instrumente wat die krag van atoomontploffings meet.**

## *VAKANSIE OP 10 OKTOBER*

Die Johannesburgse Stadsraad het besluit om 10 Oktober vanjaar weer amptelik as vakansiedag te erken. Die besluit lui dat die raad hierdie dag reeds in 1946 en 1947 as vakansiedag erken het toe met die uitsondering van die noodsaaklike dienste al die kantore op daardie dag gesluit was. In 1948 het 10 Oktober op 'n Sondag geval en toe is nie spesiale reëlings getref nie.

*Indien u graag 4 % rente op u spaargeld wil verdien, tree in verbinding met u eie onderneming.*

**SAAMBOU**

(Permanente)

**BOUVERENIGING**

**HOOFKANTOOR:**

Sanlam-gebou — Waalstraat 28 — Kaapstad

**TAKKANTOOR:**

Transvalia-gebou — Sentraalstraat — Pretoria

• Bate oortref £1¼ miljoen •

# ‚Demokratiese' Kampe In Holland Herinner Aan Neurenberg-Klagskrif

**Ondanks die feit dat die oorlog nou al meer as vier jaar agter die rug is, verkeer daar nog 'n groot aantal Hollanders en Belge in interneringskampe weens hul politieke oortuiging. Dat dit in hierdie kampe kort na die oorlog nie alte menslik toegegaan het nie, blyk uit geskrifte wat in die jongste tyd verskyn het waarin aanklagte van wrede behandeling gemaak word aan die adres van „demokrate" wat gretige ondersteuners van of deelnemers was aan die „voorbeeld" wat daar vir die wêreld in Neurenberg gestel is ter voorkoming van „misdade teen die mensheid."**

Uit die geskrifte blyk dat België, Nederland en Frankryk hulle skuldig gemaak het aan gruweldade na die oorlog. Een van die publikasies in Holland wat die meeste opspraak verwek het, is geskryf onder die opskrif „Moorde en Mishandeling in die Bewarings- en Interneringskampe in 1945 en 1946." Dit is geskrywe deur dr. H. W. van der Vaart Smit, 'n predikant wat self tien jaar in die interneringskamp was en onlangs losgelaat is. Daarin word gewag gemaak van „duisende wat mishandel, beroof en gedood is." Meer as 10,000 persone word beskuldig as oortreders in dié opsig. Nederlandse koerante wou hierdie openbaring doodskryf. Maar 'n bekende joernalis, A. den Doolaard, wat tydens die oorlog in Londen oor die Nederlandse sender „Radio Oranje" uitgesaai het en dus geen voorliefde vir die „saamwerkers" het nie, het oor hierdie onthullings geskryf dat hy homself verwyt, en dat ander mede-skuldig is omdat hulle so lank geswyg het. Hy het geëis, en elke Nederlander aangespoor om dit te vra, dat die regering 'n ondersoek moet instel na hierdie vergrype.

Hy haal enkele van die gebeure in die kampe aan. Die volgende is 'n weergawe wat in die kamp Meppel gebeur het:

### MARTELING

„Op Pinkstersondag, na die diens, moes 'n groot aantal geïnterneerdes op die binneplein eers lank hardloop, totdat sommiges neergeval het, en daarna moes almal, met diegene wat uitgeput was voorop, weer kaal, en met 'n rol verroeste draad van 100 pond om hul nekke, rondhardloop. Daarop moes hulle kaal op mekaar se rug rondry. Die ‚ruiter' moes die ‚perd' gedurig slaan. As hulle dit nie gedoen het nie dan het die bewakers self gehelp om te slaan. Daarna moes hulle allerhande diergeluide maak. Toe is aan hulle gevra of hulle dit mooi gevind het. Diegene wat nie ‚ja' geantwoord het nie, moes met hulle ken 'n lang voortjie deur die sand trek."

'n Ander voorbeeld van die uit die talle sadistiese behandelings wat Den Doolaard beskryf, is hoe politieke gevangenes slote van ses voet diep met nagvuil moes vul, daarin rondkruip en dan — sonder om te was — hul kos moes eet. Daarby word gemeld dat heelwat gevalle welvoeglikheidshalwe nie beskryf kan word nie.

Die Nederlandse blad, De Linie, het vermeld van moorde wat plaasgevind het en dat kampbewaarders hul Stengewere na willekeur op slapende gevangenes getoets het.

### ONDERSOEK GEWEIER

Die Nederlandse regering het egter te kenne gegee dat hy nie geneë is om 'n ondersoek te laat instel nie. Die gevoel onder Nederlanders wat 'n ondersoek eis, word deur joernalis Den Doolaard as volg saamgevat:

**„Ons het die wet, en daarby die regsgevoel van die Nederlandse volk deur die nagvuilput van die Nederlandse konsentrasiekampe gesleep; ons het sadistiese bewakers met hul Stengewere gate deur hulle laat skiet; ons het die reg verkrag met die kettings van nege pond waarmee die gevangenes in die kamp Vlaardingen vier aan vier aanmekaar geklink is. Dit is nou hoog tyd om nou 'n streep te trek deur hierdie rekening wat met modder, bloed en vuil besmeer is; want anders word die rekening later as al die strawwe uitgedien is, deur tienduisende wanhopiges en menslike wrakke aan ons aangebied Ek praat nie eens van die rekening van die Allerhoogste Raad wat in die hemel troon nie."**

### FRANKRYK

Aan die hand van 'n boek wat onlangs in Frankryk oor die wanpryktyke verskyn het, skryf die Belgiese blad, Het Spoor, dat daar op 'n sistematiese manier propaganda gemaak is waarmee bereik is dat almal glo dat net die ander verkeerd gedoen het en dat die eie niks verkeerd gedoen het nie. Die blad verwyt Frankryk dat terwyl hy die negentigjarige veldm. Petain onmenslik behandel, hy hom verontwaardig voordoen oor beesagtigheid in ander lande. „Dieselfde Frankryk wat dit toelaat (die behandeling van Petain) praat oor die versoening van die volke, oor vrede en menslikheid en is selfs verontwaardig oor die proses van kardinaal Mindzenthy: Inderdaad, vir 80 uur lank is die kardinaal ondervra. **Dit mag in vet gedruk word. Dog ons word verras deur 'n Amerikaanse militêre regter met die mededeling dat hy die ondervraging van 'n vroue-spioen** (vervolg op bladsy 6, kolom 2)

## Hollander Oor Oorlogsmisdade

„In so 'n ernstige lig het die Hollanders oorlogsmisdade beskou dat hulle die doodstraf wat in 1870 afgeskaf was, weer ingestel het", het regter Ruys, 'n besoekende lid van die buitengewone strafhof in Holland, verlede week in Kaapstad in 'n toespraak gesê. Hy het daaraan toegevoeg dat hoewel die verhore met die grootste versigtigheid en onpartydigheid waargeneem is, die stelsel nie volmaak was nie.

Lees meegaande oorsig van die behandeling wat Hollandse veroordeeldes in kampe en tronke te beurt geval het.


## SKENK MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



● Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
● U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.
● Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol DAHA en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

DAHA — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD


# Monumente Wat Hinder

**'n Wenk dat sommige van die monumente in Suid-Afrika wat aanstoot gee afgebreek moet word, en dat monumente waaraan Britse sentiment verbonde is uitgeruil kan word vir monumente waaraan Afrikaner-sentiment verbonde is, is die afgelope week in die Cape Argus uitgespreek.**

**Die wenk het ontstaan na aanleiding van wat nou in een van die Indiese provinsies plaasvind waar die Indiërs besig is om alle monumente wat hulle aan Brittanje herinner af te breek. Albei seksies van die bevolking het dit daar verwelkom omdat dit rasse-samewerking sou bevorder.**

Die Cape Argus het na aanleiding hiervan in 'n hoofartikel geskryf dat Suid-Afrika gerus 'n opname kan maak van sy monumente en die monumente afbreek wat steurend is vir harmoniese samewerking van die bevolkingsgroepe.

Nadat hierdie artikel verskyn het, het die Kaapse middagblad verskeie briewe ontvang. Hierdie briewe is in die vorm van 'n nuusberig weergegee en o.a. word die vraag gestel of Kaapstad nie te veel monumente het nie en, of die stad se skoonheid verminder sal word indien sommige hiervan afgebreek word. Die mening is ook uitgespreek dat die stad veilig sonder 'n hele aantal kan klaarkom.

Een leser verklaar dat 'n ruilstelsel miskien die beste sal wees. Vir hierdie doel moet 'n komitee, verteenwoordigend van alle seksies van die bevolking, saamgestel word wat die saak kan bespreek. By voorkeur moet dit 'n parlementêre komitee wees.

### VROUE-MONUMENT

'n Skrywer verklaar: „Miskien sal ons in staat wees om by voorbeeld die standbeeld van Koningin Victoria, wat al baie jare as 'n oorblyfsel van jingoïsme beskou word, in die tuine van die parlementsgebou, te verhandel vir die Vrouemonument in Bloemfontein".

Verlede jaar het dieselfde Engelse blad se kunskritikus waarderings gegee van sommige monumente in Kaapstad. Die standbeeld van Sir George Grey is beskryf as 'n stuk „welwillende ruggraatloosheid" terwyl Rhodes „swaar oorleun na die stuurboord." Koningin Victoria is „'n neerdrukkende voorbeeld van misplaasde patriotisme". Die standbeeld van koning Eduard staar „vol twyfel na die stadsaal".

**Teen die afbreek van monumente wat die gewete van die oprigters hinder, het ons natuurlik geen beswaar nie. Maar dit kan nie uitgeruil word vir monumente wat juis daardie gewete prikkel nie.**

## Britte Eien Hul Duitse Geheime Toe

**'n Kommissie van die Britse departement van handel is tans besig om meer as 10,000 stelle dokumente wat Duitse nywerheidsgeheime bevat, te rangskik met die oog op uitdeling aan Britse nyweraars. 'n Berig uit Londen lui dat sommige van Duitsland se intiemste geheime op nywerheidsgebied nou tot beskikking van Britse fabrikante sal kom. Dit strek van vertakkinge soos petroleum en sintetiese olie tot katoen en sy. Ook heelwat patente in verband met die motornywerheid het die Britte in die hande geval.**

# MILJOENE DUITSERS NOG IN RUSSIESE DWANGKAMPE

**Meer as 2,000,000 Duitse krygsgevangenes word nog steeds in Rusland aangehou, volgens 'n verslag van die internasionale komitee vir die bestudering van Europese vraagstukke.**

Die komitee het verklaar dat hy deur die rooikruis ingelig is dat 960,000 Duitsers sedert Mei verlede jaar uit Rusland teruggekeer het.

Volgens die laagste Russiese syfer, word in die verslag verklaar, is 3,130,000 Duitsers krygsgevangene geneem, wat beteken dat 2,170,000 nog in Russiese hande is.

Volgens die Duitse syfers is daar 3,700,000 Duitsers krygsgevangene geneem, wat beteken dat 2,740,000 nog in Rusland moet wees.

Gerepatrieerde krygsgevangenes bevestig dat hul medegevangenes na verpligte werkkolonies gestuur is en dat baie van hulle dood is. 'n Groot aantal van hulle werk nog steeds onder onmenslike omstandighede.

Volgens inligting wat van teruggekeerde gevangenes verkry is, is 180,000 Duitsers van 1945 tot Maart 1949 in konsentrasiekampe in die Russiese sektor van Duitsland opgesluit. Hiervan is tussen 80,000 en 90,000 dood; 30,000 tot 40,000 is na Rusland gestuur, terwyl ongeveer 370,000 vrygelaat is.

## Taalonderrig In Transvaal Herstel

'n Konsep-ordonnansie van die Transvaalse Provinsiale Raad wat aanstaande jaar ingedien sal word, maak voorsiening vir die afskaffing van dubbelmedium-onderwys. Dit bepaal dat kinders in alle vakke, behalwe die tweede taal, deur middel van hul huistaal onderrig moet ontvang dwarsdeur hul skooljare. Skoolhoofde sal bepaal wat 'n kind se huistaal is op grond van die beginsel dat dit die taal moet wees wat die kind die bekwaamste in is. Inspekteurs kan waar 'n beslissing as verkeerd beskou word, die direkteur vra om finale uitspraak te gee.

# Regverdige Apartheid Vir Almal Aanvaarbaar

**Gedurende die afgelope paar weke het die kwessie van apartheid en ons kleurverhoudings opnuut voorrang in die nuus geniet. Uit die verskillende menings wat uitgespreek is, word dit duidelik dat 'n beleid van apartheid, gegrond op regverdigheid teenoor die naturel, aanvaarbaar sal wees deur die grootste deel van die blanke bevolking — selfs deur diegene wat hulle vandag in die liberalistiese kraal bevind.**

'n Medewerker in die Arbeidersparty se blad „Forward" skryf dat „dit nie elke dag gebeur dat 'n mens die leiding van die Ossewabrandwag kan geluk wens omdat hulle 'n houding aanneem wat bevorderlik kan wees vir die ontwikkeling van Suid-Afrika tot 'n ryker en voller demokrasie nie. Maar gee die duiwel wat hom toekom. Die Ossewabrandwag verdien om in die openbaar aangeprys te word vir sy ondubbelsinnige veroordeling van min. Ben Schoeman se uitlatings tydens 'n vergadering op Mayfair toe hy sou gepraat het (en hy het dit nog nie ontken nie) van Hotnots, Kaffers en Koelies."

Die medewerker skryf voorts dat dit aan Die O.B. oorgelaat was om die hele saak in perspektief te stel.

„Hoewel 'n mens mag verskil van een of twee sinne in hierdie kommentaar, glo ek tog", sê die skrywer, „dat die strekking daarvan die mees nugtere en gebalanseerde verwyt verteenwoordig wat gerig kan word aan manne soos Ben Schoeman en ander Suid-Afrikaners wat 'n gevaarlike minagting openbaar vir die nie-blankes in ons midde.

**„Ons politieke probleme sal oneindig makliker gehanteer kan word indien elke blanke die absolute waarheid van die twee hoofpunte in Die O.B. se verklaring wil besef.**

**„Eerstens, dat die rassevraagstuk nie afhang van stemme of selfs koeëls nie, maar van die gesonde verhouding tussen die rasse.**

**„Tweedens, dat die nie-blanke 'n beskawingspeil en 'n daarmee gepaardgaande fyngevoeligheid ontwikkel het, waarmee rekening gehou moet word."**

### BRIEWE

In verskillende briewe wat in Die Burger verskyn het, vind mens instemming met die O.B. se houding, wat in Forward aangeprys word. Onderstaande is 'n paar verteenwoordigende briewe.

C. G. S. Smit, Kaapstad, beskryf (Die Burger 6 Julie) die taal van mnr. Schoeman as „skokkend", „tragies" en „onbesonne". „Ons kan Suid-Afrika se kleurverhoudinge in hierdie gees nie oplos nie. **Hoe sal ons ooit die vertroue van die gekleurdes op hierdie manier wen?"** vra hy.

Mev. H. S. Verbeyen, Plumstead, skryf (Die Burger 12 Julie): „Min. Schoeman se bekwaamheid staan vas. Sy gebrek aan takt en menslikheid — te oordeel na sy gewraakte uitlatings — is egter absoluut afkeurenswaardig."

### OOK GEVOELIG

Nasionale Boeredogter, Kenilworth, skryf (Die Burger 28 Julie): „Toe ek nog 'n klein dogtertjie was, het ek eendag vir een van ons swart bediendes gesê: 'Jy is 'n kaffer!' My pa het dit toevallig gehoor en het my 'n loesing gegee wat ek nie gou vergeet het nie. Die vermaning waarmee hy die kastyding afgesluit het, klink nou nog in my ore:

**„Jy moenie dink dat jy fyngevoelig is en seer kry as mense jou beledig omdat jy 'n wit vel het, maar dat mense met swart velle geen gevoelens het nie. Hulle het ook gevoelens; beledigings maak hulle ook seer.** Sal jy onthou? As ek nou weer hoor dat jy die skeldnaam, kaffer, gebruik, dan kry jy 'n pak wat tweekeer so seer sal wees as hierdie een. Verstaan jy dit nou goed'?"

### STUDENTE

In 'n referaat voor die kongres van die Afrikaanse Studentebond op Stellenbosch het mnr. L. P. van Breda (Pretoria Buitenuus) verklaar dat apartheid gegrond moet wees op reg en geregtigheid. **Hy het voorts gesê dat afgesien daarvan of die ouer geslag dit wil verstaan of nie, mag die kleurvraagstuk nie aangepak word deur die een of ander seksie van die bevolking nie — maar wel deur die samewerking van die hele blanke bevolking.**

### SAL LUISTER

Sedert sy Bloemfonteinse toespraak waar hy steun aan algehele apartheid beloof het, mits aan sekere vereistes voldoen word, het mnr. Rheinalt Jones hom weer soos volg oor die saak uitgelaat:

„Indien Suid-Afrika bereid is om algehele segregasie in alle erns te oorweeg, dan sal hy die voorwaardes deur my genoem, en moontlik nog andere ook, in aanmerking moet neem. Wyle Jan Hofmeyr het hom ook in dier voege uitgelaat. **Ek is heeltemal bereid om te luister na voorstelle van verantwoordelike persone in die rigting.** Maar aangesien daar tot dusver geen bewyse is dat die Unie bereid is om die prys vir algehele apartheid te betaal nie, moet ek voortgaan om aan te dring op die liberale beleid deur die Fagan-kommissie en ander gesaghebbende liggame voorgestaan."

### AANNEEMLIKE PATROON

**Wanneer al die voorgaande uitlatings, en die verskeidenheid van oorde waarvandaan dit kom, in ag geneem word dan wil dit moontlik 'n belofte inhou dat 'n patroon besig is om ten aansien van ons kleurverhoudings te ontwikkel, wat miskien vir alle blankes en nie-blankes, of altans vir die groot meerderheid van klankes en nie-blankes aanneemlik kan wees. Kenmerke van die patroon is algehele apartheid, basiese regverdigheid en welwillendheid, en wedersydse erkenning en aanvaarding van blankes en nie-blankes se regte en aspirasies.** (Lees ook ons hoofartikel.—Red.)

## S.A. MOET MINDER VERBRUIK

**Suid-Afrika moet minder verbruik en kapitaal in die buiteland vind. Dit is die kern van die toespraak van dr. M. H. de Kock, President van die Reserwebank, wat hy verlede week gehou het.**

Hy het daarop gewys dat Suid-Afrika binne 'n jaar sowat drie-kwart van sy geldreserwes verloor het. Suid-Afrika sal hom by hierdie toestand moet aanpas en sy lewe daarvolgens inrig en die Unie sal die beste gebruik moet maak van sy geldelike en stoflike bates. Middele sal ook aangewend moet word om te verseker dat Suid-Afrika sy eie bydrae tot die kapitaalbehoeftes vergroot. **Die Unie bied egter ekonomiese geleenthede wat hom spoedig in staat behoort te stel om vergoed te word vir elke offer en inspanning.**

Kapitaal uit die buiteland is nodig om die heraanpassing vlotter te laat verloop, het dr. De Kock gesê.

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

## *Ons Buitelandse Politiek*

# Indië Kry Oos-Afrika As Prys In Empire-Wedloop

**In hierdie dae van spanning tussen toetswedstryde kry mens meer as een keer die geleentheid om onsself vergelykenderwys te beoordeel. Ons speel wel nie so goed krieket soos Australië nie, maar ons speel darem beter rugby as enige ander land ter wêreld, het ons gemeen. Nou begin ons soms twyfel en dink dat Nu-Zeeland beter is as ons.**

**Waar ons vandag met ander Statebondslande kompeteer op sportgebied — en met atletiek en gholf selfs met lande buite die Statebond, daar het ons in die verlede ook gekompeteer op staatkundige gebied. Ons het nl. gekyk wie die ander groot Britse spel, naamlik „konstitusionele ontwikkeling" die beste kan speel.**

Sommer dadelik, vanaf die begin van hierdie eeu, was ons tevrede met die tweede plek in hierdie wedloop, nl. net na Ierland. Daarby het ons gesê dat ons graag die koers van Ierland gebruik as rigsnoer van die Pad van Suid-Afrika. **Dat Paul Kruger in sy laaste boodskap gesê het dat ons ons eie verlede moes gebruik as rigsnoer, het ons uit die politiek gelig en gereserveer vir 10 Oktober van elke jaar; buitendien bewandel ons nou die pad van „konstitusionele ontwikkeling" en daarvan het Paul Kruger nie veel begrip gehad nie!**

### IERE HET GEWEN

Tot die eer van Ierland moet gesê word dat hulle hierdie wedloop gewen het — dit wil sê as ons Birma buite rekening laat; buitendien val dit te betwyfel of Birma behoorlik en ten alle tye die „konstitusionele wedloop" volgens die reëls daaraan verbonde, geloop het. Hulle kan dus maar buite rekening gelaat word as synde gediskwalifiseerd.

Nadat Ierland by die wenpaal verby is, was die algemene mening dat Suid-Afrika die volgende sou verbygaan — veral as ons buitelandse politiek van dieselfde gehalte as ons rugby sou wees.

### INDIË NOU VOOR

Indië was hiermee glad nie tevrede nie, en wou graag self met die louere bekroon word. Hy het al die deelnemers byeengeroep of laat byeenroep en te Londen is toe besluit dat die resiesbaan verleng sal word. Die wenpaal „koning" sal wel nog bestaan, maar daar sou nog 'n ander vername wenpaal daarna kom, nl. „die hoof van die Statebond." **Op die manier is die Unie in staat gestel om sy**

**Deur A. J. van Rooy**

tradisionele tweede plek te beklee — hierdie keer na Indië.

### WAAROM?

Maar waarom het Indië die renbaan verleng? Hulle het tog seker 'n goeie kans gehad om selfs op die korter baan nog vir die Unie te klop? Dit het tog nou duidelik geblyk dat die Westelike Provinsie nie onoorwinbaar is nie.

**Die antwoord verskyn in „Die Burger" van 25 Julie onder die opskrif „Handelsverowering deur Indiërs. Maak van Niassaland 'n Tuiste."** Die laaste paar paragrawe wat handel oor die lot van Oos-Afrika lui soos volg:

„Nòg die blankes nòg die naturelle hou van die klaarblyklike handelsverowering van die Indiërs en die blankes is bewus van die feit dat wat in Niassaland gebeur, maar 'n onderdeel is van 'n groot proses wat in die hele oostelike van Afrika aan die gang is.


**„Die blankes sou die proses graag gestuit sien, maar daarop is geen vooruitsig nie.**

**„Niassaland se beleid word in Londen bepaal en van Londen is geen diskriminasie te wagte teen 'n lid van die Empire nie, al is dit dan ook 'n republiek in die Empire. 'n Mens kan in Niassaland by geleenthede harde woorde hoor val oor die feit dat die Indiese republiek nog in die Empire is."**

### AFRIKA AS PRYS

Op die Londense byeenkoms het Suid-Afrika dus nie alleen sy eerste plek, wat hy beklee het nadat Indië by die wenpaal verby is, aan Indië afgegee nie, **maar blykbaar finaal ook Oos-Afrika.**

**Indien ons nou die rugbykroon aan Nu-Zeeland moet afgee en ook op rugby-gebied die tweede plek moet beklee — wonder ek of Nu-Zeeland dan nie maar Oos-Afrika vir ons by Indië sal gaan haal nie.**

GEKOOP vir £3,000

WEGGEGEE vir £5!

—die moontlike bedrag wat hy „gespaar" het deur sonder Brand-assuransie te wou klaarkom!

Maak SEKER van die besit van U eiendom, deur

'n SANTAM-brandpolis!

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-2a

G 24029




Rook

SPRINGBOK

Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE

DIE O.B., WOENSDAG, 3 AUGUSTUS 1949

# DIT KAN!

In die afgelope weke is verskillende stemme verneem oor die kleurvraagstuk, sommige waarvan nadere oorpeinsing verdien. Die O.B. as nasionale blad wat buite die strydperk van die partypolitiek staan, is miskien in staat om 'n baie meer objektiewe standpunt in die verband in te neem, en dit is goed dat dit gedoen kan word, want as ons die kleurvraagstuk wil oplos, kan dit alleen gedoen word in 'n atmosfeer van kalmte en welwillendheid.

Uit die verskillende uitlatings wat na vore gekom het, blyk twee dinge baie duidelik. **Die eerste is dat daar baie Afrikaners is wat die nie-blanke in 'n simpatieke en Christelike lig wil benader; die ander is dat daar liberaliste is wat bereid skyn te wees om die Afrikaner se tradisionele beleid van apartheid te aanvaar indien die Afrikaner hulle kan oortuig dat hy dit werklik wel meen met die nie-blanke. Dit is ongetwyfeld een van die belangrikste verskynsels in ons politieke lewe, en daarom 'n verskynsel wat ten volle benut moet word omdat daarin die voorwaarde geleë is vir die „gesamentlike oplossing deur alle blankes" van die kleurvraagstuk — 'n voorwaarde wat op almal se lippe vandag is.**

Meer as agtien maande gelede het in ons blad 'n reeks artikels oor die naturellevraagstuk verskyn. Daarin het die skrywer die stelling gewaag dat ons mense uit liberalistiese kringe sal trek vir ons standpunt van apartheid indien ons hulle kan oortuig van ons opregtheid teenoor die naturel. Daaraan is toegevoeg dat sodra die blankes vir die grootste deel uit een mond kan praat, die naturel sal gevind word vir die uitvoering van 'n beleid van apartheid.

### WAARHEID BEWYS

**Dat die eerste deel van hierdie stelling waar is, het al dadelik geblyk toe een van die liberale blaaie in die land, The Forum, onder meer die volgende kommentaar op die reeks artikels gelewer het:**

> **„'n Mens voel dat hoewel hy die liberaliste steek, mnr. Van der Walt se definisie (indien hy een sou gee) heeltemal aanvaarbaar vir meeste van hulle sal wees as 'n werkende grondslag vir naturellebeleid vir baie jare, veral as dit gepaard gaan met sulke openhartige en simpatieke erkenning van die persoonlike en nasionale aspirasies van die naturel. . . .**
>
> **„Indien die gees van ‚Die Naturel en Ons' 'n juiste weergawe is van die gevoelens van enige proporsie van lede van die opposisie, dan is daar ruimte vir 'n ware toenadering. Die wedersydse vittery omtrent die gruwels van apartheid aan die een kant en liberalisme aan die ander kant is dan miskien bloot 'n kwessie van woorde."**

Sedert die verskyning van hierdie woorde meer as 'n jaar gelede is 'n verdere bewys gelewer van die moontlikheid dat liberaliste en voorstanders van apartheid mekaar kan ontmoet op 'n gemeenskaplike grondslag. 'n Paar weke gelede het die mnr. Rheinalt Jones, 'n leidende figuur in liberalistiese kringe, in 'n toespraak verklaar dat hy heeltemal te vinde sal wees vir 'n beleid van algehele apartheid indien dit voldoen aan sekere voorwaardes. Die voorwaardes wat hy genoem het skyn in beginsel niks verkeerd mee te wees nie. **As ons die naturelle tot 'n afsonderlike gebied wil beperk, sal die blanke moet sorg dat hy in daardie gebied 'n bestaan kan maak en dit sal gepaard moet gaan met behoorlike beplanning en leiding vir gesonde ontwikkeling van die gebied ook op ekonomiese gebied.** Wat die besonderhede betref van die voorwaardes, dit kan ter gelegenertyd op ingegaan word deur 'n deskundige kommissie.

### GEWELDIGE BETEKENIS

**Maar die feit van belang — en dit is van geweldige betekenis — is dat ons van liberalistiese kant 'n duidelike verklaring, indien nie 'n uitnodiging het nie, dat hulle bereid is om op 'n grondslag van apartheid saam te werk vir die oplossing van die naturellevraagstuk. Al wat hulle vra is dat daar 'n gees van opregte welwillendheid teenoor die naturel geopenbaar moet word.** En daarmee kan ons ook saamgaan en, ons meen, meeste Afrikaners wat nog in die tradisie van ons voorouers lewe. **Voogdyskap — die Afrikanerbeleid wat vandag deur almal aanvaar word — veronderstel in die eerste plaas welwillendheid en simpatie. Dit veronderstel dat die voog die belange van die minderjarige soos sy eie belange sal behartig. Dit hou niks in van die hooghartige onbeskoftheid waarmee sommige blankes hul meerwaardigheid teenoor die naturel wil handhaaf nie of van die beledigende taal wat soms van die partypolitieke seepkis gelos word om gevoelens op te sweep nie. En as ons daarby nog praat van CHRISTELIKE voogdyskap, dan eis dit ook die Christelike liefde teenoor die swartman aan wie se siel die Afrikaanse Kerke besig is om te arbei.**

**Ons kan nie langer bekostig dat ons mooi woorde deur 'n verkeerde gedrag oordonder word nie. Ons sal aan die naturel en aan die wêreld ook in ons dade moet toon dat ons met apartheid nie net behep is met 'n duistere vrees vir ons eie bestaan nie, maar dat ons inderdaad ook besorgd is oor die swartman se bestaan juis omdat ons glo dat rasseverskeidenheid ook die werk van God is, en dat ons net so die plig het om die ander se bestaansreg te verseker as ons eie.**

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

Maar ons vrees dat hierdie kalmte nooit gevind sal word solank politieke partye hul spel van beleidteenstelling en opsweping ook ten opsigte van die naturellevraagstuk bly speel nie. **Solank hierdie spel met sy inkamping van idees en doodverfing van verklaarde teenstanders voortduur, sal daar nog altyd „gekafferboetie" word teen mense wat die saak in 'n gees van Christelike waardigheid wil benader of „getopdog" word teen diegene wat die nodige afstand tussen die rasse wil bewaar.**

Maar intussen is dit van die grootste belang om te weet dat die weg tot 'n gesamentlike oplossing oopgemaak is deur kalme verteenwoordigers uit die twee oënskynlik teenstrydige kampe.

# DUITSE PARTYE GAAN KRISIS TEGEMOET

*(Van Ons Korrespondent In Duitsland)*

**Die verkiesing vir die Wes-Duitse Federale Parlement op 14 Augustus mag as die eerste betreklik vrye politieke besluit van die Duitsers na die oorlog beskou word: betreklik vry, omdat hierdie verkiesing beskou moet word as 'n agterstallige goedkeuring van die Bonn-konstitusie oor die aanname of afkeuring waarvan die Duitse volk glad nie gevra is nie. Nou reeds kan ons daarop reken dat die besetting en die kapitulasie van die groot partye en die algemene gebrek aan belangstelling 'n sekere wantroue veroorsaak het, as gevolg waarvan die deelname aan die verkiesing waarskynlik swak sal wees.**

**Maar selfs dit moet as 'n politieke demonstrasie van die kant van die Duitse volk beskou word. Dit moet beskou word dat, as daar na die einde van die oorlog soiets soos 'n demokratiese politieke organisasie in Wes-Duitsland ontstaan het, dit geensins gedra word deur die vry wil van die volk nie, maar dat dit 'n soort noodoplossing is — (en as sodanig 'n herlewing van die Weimar-demokrasie wat reeds eenmaal vantevore misluk het) — wat min of meer beveel is.** Dit kan nie beweer word dat die Duitse volk nie gewillig is om 'n demokratiese staats- en lewensorde te aanvaar nie, maar dan moet dit van so 'n aard wees dat dit kan aanpas by sy eie ondervindings en huidige omstandighede. Elke Duitser wat politiek verantwoordelik dink, sal alleenlik met die grootste bedenkinge sy toestemming gee tot Bonn, maar met die oog op die huidige wêreldpolitieke toestand sal hy dit moet gee, want Bonn is die enigste uitweg, die enigste kans.

### KRISIS VAN DIE PARTYE

Die verkiesing sal, sover nou al kan gesien word, gepaard gaan met 'n krisis wat veral die groot bestaande partye wat draers van politieke verantwoordelikheid is, sal tref, nl. die CDU, SPD en LDP. Die CDU/CSU sal die meeste moet ly.

**CDU/CSU** (Christelik-demokratiese / christelik-sosiaaldemokratiese Bond): Hierdie party het die doelstelling om Christene van alle belydenisse saam te trek om met hulle 'n christelike politiek te voer, en het, nieteenstaande die hoë ideale, 'n versameling van meer of minder konserwatiewe burgerlike kringe geword; hulle ekonomiese belange strook nie altyd met hul ideologiese vereistes nie. As regeringsparty van die Vereenigde Ekonomiese Gebied vervul dit alle belangrike funksies van die Frankfortse ekonomiese administrasie. Die politieke meningsverskille, soos „sentralisme of federalisme" binne-in die party sal skaars uit die weg geruim kan word en moet vroeër of later tot 'n openlike krisis lei. Die beste voorbeeld hiervoor is die Beierse organisasie van die CSU waar die stryd „sentralisme of federalisme" nog hewig woed.

**SPD** (**Sosiaaldemokratiese Party van Duitsland**): Hierdie party het 'n meer geslote front en proklameer duidelike sosiaalpolitieke eise, wat egter dikwels nie verder as die teorie kom nie. Nieteenstaande 'n sekere mate van ideologiese losheid is dit by die volk nie baie gewild nie weens sy verouderde, op 'n marxisties-gebaseerde beleid. In sy geledere word minder politieke persoonlikhede opgelei, dog meer handhawers van partydissipline en sosiaaldemokratiese ideologieë. Deur sy openlike stryd in Berlyn en sy vasberade anti-kommunistiese houding het dit weer baie aan populariteit gewen. Bowendien was daar nog die feit dat hierdie party tot dusver verkies het om opposisie te wees in plaas van regeringsverantwoordelikheid te aanvaar. Hoewel die

## VOLK HET MIN VERTROUE IN BEROEPSPOLITICI

simpatie vir 'n tweepartystelsel baie sterk is, het die mense tog hierdie party daarvan beskuldig dat hy hom aan die moeilikhede wat deur die geldhervorming ontstaan het (devaluasie, geld-tekort, werkloosheid, ens.) onttrek het.

**LDP** (**Liberaal-demokratiese party**): Hierdie party staan, behalwe in Württemberg-Baden, wat getalsterkte betref, ver agter die vorige twee partye; maar staan 'n beter kans om sy stemme te behou deur sy beleid wat op gesonde verstand gebaseer is. Deur sy versoenende liberalisme en die afwesigheid van ideologiese doktrinarisme kon 'n sekere mate van simpatie by die breë bevolkingsmassas verwek word.

Sestig persent van die afgevaardigdes tot die Federale Parlement sal deur persoonsverkiesing en veertig persent deur lyste-verkiesing benoem word. **Daar bestaan min vooruitsigte dat die partye deur middel van hul tot dusver gebruikte metodes genoeg sterk en verteenwoordigende persone kan oplewer, veral omdat die jong geslag nie genoegsaam in die partygeledere verteenwoordig is nie omdat in baie gevalle die „oues van dae" hulle geen kans tot vooruitgang gee nie. Maar die nuwe tyd vereis jong, sterk kragte. Die Duitse volk stel nou die vraag aan hulself of hulle nie meer verteenwoordigende persone onder hul predikante, dokters, ekonome, ens. sal kry wat nie beroepspolitici is, nie, maar wie se naam met ontsag en eerbied in die binne- en buiteland genoem word. By die gemeenteverkiesing in Suid-Württemberg-Hohenzollern wat omtrent 'n jaar gelede gehou is, het al geblyk dat die kiesers tot 50 persent mense gekies het wat nie aan enige party verbonde was nie. 'n Soortgelyke geval was die Hessiese streekverkiesing waardeur die groot partye aansienlike verliese gely het.**

# Wêreldsteun Vir Klerewerkers

**Indien werkers in die klerebedryf in die Unie in die toekoms staak, sal hulle waarskynlik buitelandse morele en geldelike steun ontvang, te oordeel na die besluit van die internasionale kongres van 17 miljoen klere- en tekstielwerkers wat verlede maand in Lyon vergader het.**

Volgens inligting wat mej. Anna Scheepers, voorsitster van die georganiseerde 14,000 Suid-Afrikaanse klerewerkers, by haar terugkeer in Suid-Afrika verstrek het, het die kongres, wat sy bygewoon het, besluit om 'n blywende internasionale organisasie te stig wat morele en geldelike hulp aan stakende klerewerkers sal verleen, maak nie saak waar hulle staak nie.

Mej. Scheepers is die enigste afgevaardigde van die Klerewerkersunie aan wie die Regering 'n paspoort toegestaan het. Dié van mnr. Solly Sachs en sy vrou, mej. Dulcie Hartwell is geweier.

Mej. Scheepers het klerefabrieke in Frankryk, Italië en Nederland besoek en bevind dat die loonpeil ongeveer die helfte van die Suid-Afrikaanse is. In Italië werk hulle nog 48 uur per week, in Nederland 48, maar in Frankryk (soos in die Unie) 40. Hulle het slegs 12 dae verlof per jaar en werk, volgens haar, veel harder as meisies in Suid-Afrika. Hulle moet swaar stoomstrykysters en gewone strykysters wat tot 14 pond weeg hanteer — werk wat hier deur naturelle-manne gedoen word.

# Statebond 'n Kanaal Vir Kommunistiese Aksie

**Die idee dat die Britse Empire 'n vesting teen die kommunistiese gevaar is — 'n idee wat selfs sy aanhangers in regeringskringe in ons land het — sal ietwat gewysig moet word in die lig van sekere verklarings en berigte in die pers. Die feit is dat die Britse Ryk of Statebond met sy mengelmoesbevolkings inderdaad 'n handige kanaal vorm vir kommunistiese insypeling.**

## Bied Aan Indië Afspringplek In Afrika

**In die Britse laerhuis het die minister van binnelandse sake verlede week in verband met die groot nie-amptelike dokstaking gesê dat dit veroorsaak is deur 'n groep manne uit Kanada wat 'n kantoor in Londen kom open het nog voordat die Kanadese skip waarop die staking begin het, uit Kanada na Engeland vertrek het.**

Verder het hy gesê dat een van die drie vreemdelinge wat gedeporteer is, deur die nie-amptelike stakingskomitee uitgenooi was van die kommunistiese wêreld-konferensie van dokwerkers in Marseilles.

In die debat wat hierop gevolg het, is die minister deur opposisielede gevra of hy dit ook sal oorweeg om onderdane van die dominiums te deporteer wat onrus in Britse arbeidskringe stook.

**Die minister se antwoord hierop was dat stappe nie gedoen moet word wat Brittanje se posisie binne die Statebond kan raak nie — met ander woorde dat onderdane van die dominiums liewer nie uitgesit moet word indien hulle kommunistiese agitasie voer nie.**

### GEVAARLIK

Hierdie gevoeligheid van Brittanje om sy betrekkinge met 'n dominium in gevaar te stel is nie net alleen oorsaak dat kommuniste uit Kanada vandag besig is om die bewind oor sy arbeiders te voer nie, maar is vir Suid-Afrika in besonder 'n baie groot gevaar. **Want hierdie lamsak-beleid word ook ten opsigte van die Afrikaanse kolonies toegepas. Brittanje weier konsekwent om by voorbeeld enige paal of perk te stel aan Indiër-immigrasie in die Oos-Afrikaanse gebiede waar die Indiër-getalle vinnig besig is om die blankes tot 'n magtelose minderheid te reduseer. 'n Baie groot deel van hierdie Indiërs is òf kommunisties-gesind òf is werktuie in die hande van kommunistiese leiers, soos dit trouens ook in die Unie die geval is.** En ten spyte van hierdie feit hou die Indiese „susterstaat" sy beskermende hand oor die Indiërs — rooi of geel — hoewel Indië self met 'n kommunistiese vraagstuk sit, en is Engeland nie bereid om enige aanstoot aan Indië te gee nie.

Dit is maar dieselfde storie van die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek toe Transvaal belet was om Indiër-indringing saam met die Vrystaat stop te sit weens die Britse susereiniteit oor Transvaal. Teen Britse onderdane kon nie gediskrimineer word nie. **Die verskil is net dat 'n Indiër destyds Indië kom verteenwoordig het, terwyl hy vandag sowel Indië as Rusland verteenwoordig.**

## Kommuniste In Indië Bedrywig

**Stakings en arbeidsmoeilikhede is besig om in Indië toe te neem. Die oorsake word toegeskryf aan „gebrek aan dissipline in die vakbonde, hoë lewenskoste en kommunistiese insypeling in die vakbonde", berig die Cape Times se korrespondent.**

# Russe Maak Rooi Sopkombuise Van Universiteite

**Die Duitse jeug wat aan die Universiteit van Berlyn studeer sal voortaan die „demokratiese" leerstellinge van die Kommunisme met die lepel ingegee word, aangesien Rusland besluit het om hierdie studie-inrigting te bolsjewiseer. Dit is deel van die Russiese beleid om oortuigde ondersteuners vir hul wêreldrewolusie te win. Studente wat hulle hierteen verset, word die Universiteit belet.**

Ontevredenheid oor die voorgestelde Kommunistiese reorganisasie van die Universiteit Berlyn het daartoe gelei dat prof. Fritz Hartung, hoof van konstitusionele en administratiewe geskiedenis en staatsleer in die fakulteit Wysbegeerte, bedank het. Die Kommunistiese besettingsowerheid beoog om die universiteit te omskep in 'n „eersteklas opleidingsentrum vir 'n nuwe demokratiese intellegentsia." Met ander woorde, om dit te bolsjewiseer. Maar volgens Paul Wandel, voorsitter van die Duitse administrasie vir „populêre onderwys," is die vordering gering.

Volgens die Sowjet-beheerde nuusblad, „Neues Deutschland," het Wandel erken dat die gebrek aan ruimte studente genoodsaak het om in twee skofte die lesings by te woon; dat die uitbetaling van toekennings aan studente vertraag word en dat dit moeilik is om „werklike demokratiese" (dit is Kommunistiese) onderrigpersoneel te kry.

Wandel het ook toegegee dat daar teenstand by die studente ondervind word. Hy het selfs gedreig om „dissiplinêre" maatreëls te tref teen nie-Kommunistiese studente. Hy het reeds voormalige voorsitter van die studenteraad Raeber, voormalige ondervoorsitter Gaebler en 'n voormalige lid van die raad, Albert, die universiteit belet.

### IN BULGARYE

Hierdie drie studente het 'n protesvergadering van die Studenteraad in die Britse sektor georganiseer om beswaar aan te teken teen die onderdrukkende optrede in die Universiteit Berlyn. Al die ander nie-Kommunistiese lede van die studenteraad het ook bedank as protes teen die inmenging deur die sentrale administrasie.

In die Bulgaarse universiteite is 'n soortgelyke suiwering van nie-Kommuniste aan die gang. Berig word dat 600 studente uit die universiteit Sofia alleen geban is. 'n Aantal van hulle is na die platteland verban waar hulle in arbeidskampe moet werk. In die Bulgaarse wet vir hoër opvoeding word bepaal dat „studente wat facistiese of ander anti-nasionale opvattings het, of studente wie se optrede 'n belediging vir die akademiese moraal en die naam van 'n hoër onderwysinrigting is," sulke inrigtings belet moet word.

# UIT DIE WEEK SE NUUS

**Die Minister van Verdediging, wat tans in die buiteland is, is van voorneme om 'n militêre attache in Europa aan te stel ten einde kontak te hou met die Westerse Verbond. Toe hy gevra is of daar waarheid steek in 'n gerug dat hy onderhandel het met die Britse regering oor die oordrag van Simonstad aan Suid-Afrika, was hy nie bereid om kommentaar te lewer nie. Hy wil eers aan die Unie-regering rapporteer.**

★

**Voorstelle dat 'n ministerie van water gestig moet word, is gedoen op 'n sitting van die Johannesburgse stadsraad. Dit moet 'n omvattende oorsig van die land se waterbronne onderneem.**

★

Die Arbeidersparty het kapt. L. Lovell, 'n prokureur, as hulle kandidaat vir die tussenverkiesing in Benoni benoem. Hoewel daar geen ooreenkoms tussen die V.P. en Arbeiders meer is nie, is dit waarskynlik dat die eersgenoemde nie 'n kandidaat sal benoem nie. Wat die Regering gaan doen, is nog nie bekend nie. Die verkiesing, wat veroorsaak is deur die dood van dr. Osborn, sal moontlik in Oktober plaasvind.

★

Droogtetoestande van die ergste aard heers nog steeds in dele van Suidelike Afrika, vanaf Kaapstad tot by Nairobi. Groot streke lê verskroeid. Boere is reeds besig om groot dele van hulle kuddes te verkoop ten einde groter skade te voorkom.

Hoër duurtetoelaes sal betaal word aan ongetroude werknemers in die Spoorweë wat afhanklikes moet onderhou. Die bepalinge dat hierdie toelaes beperk moet word tot werknemers wat by afhanklikes inwoon, sal oor die hoof gesien word.

★

Meer as 2,000 naturelle beklee tans gesalarieerde poste in die Departement van Naturellesake, luidens 'n verklaring wat uitgereik is.

Hierdie syfer sluit nie naturelle in wat in die tydelike personeel werksaam is nie. Hierdie getal wissel tussen sewe- en agtduisend.

Uit die departement se verslag vir die jare 1947-1948 blyk dat die beskikbare poste van 1,766 in 1947 tot 1,841 in 1948 vermeerder is. Daarna is nog 180 poste geskep, sodat daar tans 2,021 gesalarieerde poste vir naturelle is.

★

Die internasionale wolafsetorganisasie het in die diensjaar geëindig 30 Junie 1948 'n steeds verbeterende mark ondervind en 1,313,775 bale is vir £46,578,518 verkoop. Hierna het net 3,218,000 bale oorgebly van die 10,407,000 wat in 1945 aan die organisasie oorgedra is om van die hand gesit te word.

★

Die totale tonnemaat van skepe wat vandag in die wêreld gebou word, met die uitsondering van Duitsland en Rusland, beloop 4,446,070, volgens die register van Lloyds insake skeepsbou. Van hierdie tonnemaat word 46 persent in Brittanje gebou.

# AGTERUITGANG IN UNIE SE GELDPOSISIE

Die tekort in die Unie se betaalbalanse het verlede jaar die nuwe rekord van £176,000,000 bereik vergeleke met £149,000,000 in 1947 en £64,000,000 in 1946, het die Goewerneur van die S.A. Reserwebank, dr. M. N. de Kock, op die 29ste algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die Reserwebank gesê. Die Unie se goudopbrengs word in hierdie berekening in aanmerking geneem.

Voorlopige ramings dui daarop dat die heersende tekort (gouduitvoere uitgesluit) £59,000,000 bedra, vergeleke met £68,000,000 gedurende die laaste kwartaal van 1948.

## Derde Arbeidslid Uitgeskop

Lester Hutchinson, arbeiderlid en een van Bevin, die minister van buitelandse sake, se strafste kritici, is uit die arbeiderparty gesit.

Die nasionale uitvoerende bestuur het hierdie stap gedoen nadat hulle 'n onderhoud met Hutchinson gehad het oor onlangse verklarings wat hy gedoen het toe hy die regering se buitelandse beleid aangeval het.

Hy sal egter sy setel in die laerhuis behou. Hy is die derde lid wat gedurende die afgelope maande uit die party se linkervleuel gesit word. (Silliacus en L. J. Solley is in Mei uit die party gesit.)


K93



*in die BAD . .*

Voeg K.W.V.-Eau de Cologne by die water om die gevoel van persoonlike frisheid te verhoog. En daarna . . . gee K.W.V. - laventel u die geurigheid van [koel] laventel.

KWV

*Eau de Cologne*


EN

*Laventel*

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.





Heferleerling Jannie Vermeulen.

Stoere Manlikheid kan u ook verkry

Skryf aan:

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ..........

Adres: ..........

Ouderdom: ..........

O.B. 25/5/49.



BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

### GEBOORTE

**RADEMEYER.** — Aan Karel en Carolina van Pretoria 'n fris O.B.-seun op 24 Julie.

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman**, Robertson. TK/30/3

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**UIEPLANTJIES:** Meeste waardevolle soort Copper King 1,000 4/6; 10,000 £1 10/-. Posvry. Bestel dadelik. — **G. Human,** Posbus 11, Springfontein.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers**, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### GRYSHARE

**ANTIGRYS HERSTEL GRYSHARE** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 1) 3/8/T.K.

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

### TE HUUR GEVRA

**ONS WIL** huur om dadelik te bewoon, in 'n goeie woonbuurt in Bellville-Oos, Parow of Tiervlei, 'n moderne huis met twee of drie Slaapkamers, Badkamer, Eetkamer, Kombuis en Motorhuis, vir vyf of ses maande, moontlik langer. Geen kinders. Tree in verbinding met **De Villiers,** Posbus 1411, Kaapstad. 3/8/1.

### PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MôREMARK (Posbus 7185) Newtown**

# KAMPE IN HOLLAND

(vervolg van bladsy 2, kolom 3)

**die rekord oorskry is: 120 uur ononderbroke ondervraging met behulp van eksperimente.** Amerikaans, nie eers in Duitsland gemaak nie! Hieroor word geen vet opskrifte gemaak nie. In die Amerikaanse gebied is nie vasgestel dat by die ondervraging van Duitse S.S.-soldate wat aan die Ardenne-offensief deelgeneem het, daar ongeoorloofde middels gebruik was om die gewenste en dus onjuiste geskiedenis af te dwing. Alles sal hersien moet word. Die morele onskendbaarheid van die oorwinnaars het verbleek. Die oorwinnaar en oorwonnene ontmoet mekaar op dieselfde peil."

### GERUGTE OMTRENT HOLLAND

In Nederland, skryf Het Spoor, het die prosesse in die buiteland teen sogenaamde oorlogsmisdadigers verontwaardiging by die volk gaande gemaak. Maar daar het nou ook 'n skadu geval oor die menslikheid van Nederland. Eers is daar gefluister van onmenslike praktyke in Indonesië. Dit is beskryf as onjuisthede en leuens. Toe kom die insident van Banka, nl. die onbehoorlike behandeling van vooraanstaande republikeine. Hieroor is geskryf dat vergissings nie uitgesluit is nie. In die Veiligheidsraad het die republikeinse afgevaardigde de Palar die barbaarse optrede aanhangig gemaak. Ook dit is beskryf as onjuis.

„Toe kom daar 'n bom in die

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

blad, De Groene. De Groene is nie pro-Duits nie. **Inteendeel, De Groene is ant-Nazi van die ergste soort. En in De Groene het 'n offisier 'n lang verhaal geskryf waaruit ons leer dat moord, vulgere moord, om iemand in die nek te skiet, tot die alledaagse gebruike behoort. Daar is in Indonesië 'n soort Nederlandse Gestapo aan die werk en die skrywer verklaar: ,Ek is nie die enigste wat steeds groter bewondering kry vir die manier waarop die Duitse besetters opgetree het in vergelyking met wat hier gebeur nie.'** De Groene het alleen gebly. Protestantse en Katolieke dagblaaie het geswyg. Die nuusagentskappe — hierdie keer nie deur Goebbels betaal of gehuur nie, het geswyg", aldus Het Spoor.

Maar die regering kon die gerugte nie onderdruk nie en was verplig om aan te kondig dat 'n ondersoek ingestel sal word. Die blad skryf dat Nederland hom besondig het en dat hy nou maar sy hooghartigheid kan laat staan, want hy het hom skuldig gemaak aan dieselfde praktyke waarvan Hitler beskuldig word.

# Swart Studente Word In Londen Rooi

**Die blanke inwoners van Oos-Afrika voel bekommerd oor wat met naturelle-studente uit Afrika gebeur terwyl hulle in Brittanje studeer. Daar bestaan alle rede om aan te neem dat hierdie jong en vatbare naturelle die prooi word van Kommunistiese agitators wat hulle as oortuigde Kommuniste na Afrika laat terugkeer.**

Hierdie inligting wat die Sunday Times se korrespondent uit Nairobi verstrek, stem tot 'n groot mate ooreen met 'n onlangse Londense berig wat in Die O.B. verskyn het en waarin verklaar is dat haas elke naturel uit Afrika wat Brittanje besoek, in die hawe deur 'n Kommunistiese agent ontmoet word wat hom van adresse voorsien en hom oor die weg help.

Berig word dat die Indiese regering onlangs 'n aantal studie-beurse vir studente in Oos-Afrika beskikbaar gestel het. Die keuring van studente aan wie die beurse toegeken moet word geskied deur 'n komitee van Indiërs in Oos-Afrika. **In geen een van die gevalle waar hulle studente beurse laat toekom het, het die studente die goedkeuring van die onderwysinrigtings en owerheid geniet nie.**

Die korrespondent berig dat dit blyk dat jong naturelle wat in Oxford of Cambridge gaan studeer, minder geleentheid kry om met agitators in aanraking te kom omdat die studente meer 'n geslote gemeenskap is. Maar as hulle in Londen gaan studeer waar hulle oral in die stad bly, word hulle makliker die prooi van die Kommuniste. Dit blyk ook dat ouer naturelle wat van hulle vrouens vergesel is, makliker die Rooies ontkom as eenlopende naturelle.

Die regering in Oos-Afrika trag dikwels om kontrole te hou oor die studente wat in die buiteland gaan studeer, maar dit is 'n haas onmoontlike taak.

## Begerige Oë Op Unie Se Goud

Dat die Britte met begerige oë na die Unie se goud kyk, het verlede week weereens deurgestraal in die kommentaar van die Financial Times op die verklaring van dr. M. H. de Kock oor Suid-Afrika se geldelike posisie.

„Suid-Afrika het die hulp van hierdie land broodnodig in die vorm van kapitaallenings. Brittanje het die hulp van die Unie nie minder nodig nie in die vorm van hertoetrede deur die Unie tot die sterlinggebied se dollarpool. Is daar nie ruimte vir 'n transaksie hier wat albei lande grootliks sal baat nie?" skryf die blad.

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

BESTEL ALTYD ALLE
● KANTOORBENODIGDHEDE
● KANTOORMEUBELS
● SKRYFBEHOEFTES
*BY*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

## IS U 'N REPUBLIKEIN ?
## Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van............................

vir die eerste............................maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................
..........................................................
..........................................................
..........................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

# GEHEIME RAAD VIR TWEE DOMINIUMS DALK AFGESKAF

Die appèl na die Britse Geheime Raad sal met die aanstaande sitting van die volksraad afgeskaf word, het die Minister van Justisie Die Vaderland meegedeel.

Dit sal dan beteken dat die Unie-howe as die hoogste gesag aanvaar word.

Die eerste minister van Kanada, Louis St. Laurent, sal ook spoedig 'n maatreël voor die Kanadese parlement lê ingevolge waarvan geen persoon die reg sal hê om na die Geheime Raad in Londen appèl aan te teken nie.

Ten opsigte van Australië het die Geheime Raad so pas 'n uitspraak gegee in verband met die land se bankwese wat die regering heelwat hoofbrekens besorg in die uitvoering van sy beleid.

## *Sportmanne Vlug Uit Vaderland*

Franta Juhan, die Tsjeggiese motorfietsryer, het besluit om nie uit Switserland na sy tuiste terug te keer nie omdat hy nie „saamstem met die teenswoordige beleid in Tseggo-Slowakye nie," volgens 'n berig van die Switserse radiodiens.

Hy is tans in die hospitaal in Bern waar hy herstel van beserings opgedoen in 'n ongeluk tydens die Grand Prix in Switserland.

Jaroslav Drobny en Vladimir Cernik, twee Tsjeggiese tennisspelers wat ook in Switserland is, het ook besluit om nie na hulle land terug te keer nie.

## Grondbewaring Verpligtend

**Grondverspoeling sal in die toekoms 'n strafbare misdaad in Suid-Rhodesië wees aangesien 'n wet in hierdie verband gedurende die eerste sitting van die parlement wat in Oktober plaasvind, ingedien sal word. Boere wat dan weier om van moderne boerderymetodes en metodes om grondverspoeling teen te gaan, gebruik te maak, sal dan in 'n spesiale hof gestraf kan word.**

## *VLAM BRAND NOG*

Mnr. D. L. de Swardt, Uitenhage, skryf dat ondanks die verlies van 'n paar onaktiewe lede die Ossewabrandwag daar nog lewe en dat hy en sy adjudant, mnr. A. P. van der Walt, besig is met intensiewe organisasie. „Ons hou die ideaal van die O.B.-vlam hier nog hoog, want ons glo nie dat 'n ware Christen nog kan twyfel aan hierdie pragtige beweging en die ware republikeinse strewe waarvoor dit staan nie. Ons glo ook nie dat 'n soldaat van die Republiek nog kan twyfel aan ons groot leier, dr. Hans van Rensburg, nie teen wie soveel verskriklike leuens geslinger is. Ons glo dat die Allerhoogste hom aangewys het vir 'n groot doel en om wanneer die uur slaan vir die algehele vryheid waarvoor ons strewe, hy daar sal wees om die regte leiding te gee. Ons sal hom nie in ons gebede vergeet nie."

DIE BOERE JEUG
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 3 AUGUSTUS 1949

*ONS VERVOLGVERHAAL*

# DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

**SKOTE!**

In die dae wat volg, speel klein Ben en sy sussie en klein boetie maar heeldag op die werf en om die huis. Maar hulle het nog nie eenkeer weer in die waenhuis gekom nie en die waenhuis was dan nog al die tyd gesluit.

En dit het nogal moeilikheid opgelewer. Kort-kort lol sy sussie. Sy dwing al dat hulle in die waenhuis moet gaan speel.

„Maar, Sussie verstaan jy dan nie die waenhuis is gesluit nie?" moet hy haar maar heeldag beduie.

„Maar hoekom is hy dan gesluit, Bennie?" vra Sussie tuitmond.

„Omdat Pappie die motor gaan laat regmaak het. En moet tog nie so vrae vra nie?"

„Maar Bennie, hoekom sluit Pappie dan die waenhuis? Ons kan mos nog in die waenhuis gaan speel?"

Dit is die soort vrae wat Bennie vrees. Netnou weet sy daar is 'n vreemde motor in die waenhuis en netnou weet almal dat daar 'n vreemde kar by hulle is. En netnou weet ou oom Jannie Smuts van die omies wat vir hom vlug en wat hier by hulle bly. „Sussie, jy moet tog nie so baie vrae vra oor wat Pappie doen nie. Pappie sal jou mos alles self vertel wat jy moet weet."

„Ja, maar Bennie, almiskie?"

Hy wens hy kon haar van die kwaai oom Jannie vertel. Dan sou sy gou opgehou het met haar vrae vra!

Hy kan ook nie verstaan hoekom sy pappie hom niks vertel omtrent die motor wat daar in die waenhuis toegesluit is nie. Hy besef die motor is nie verniet daar nie, en dat die motor om een of ander rede daar weggesteek word. En dit maak sy verantwoordelikheid nog groter.

In die middae kom speel Hansie en Pieta ook by hom. Hulle is ouer as hy en gaan al albei skool. Tog sien hy op hulle neer, want hulle pa's behoort nie aan die Stormjaers nie en hulle herberg ook nie vlugtelinge nie. Hulle weet geen sout of water van geheime af nie. En hoe sal hulle ook weet? Hulle behoort nie eers aan die Boerejeug nie.

Die dae gaan verby en Bennie leef in 'n tyd van afwagting. Hierdie baie ooms wat hier by hulle skuil, besorg vir hom 'n gevoel van vernaamheid. Net asof so vreeslik baie van hom afhang.

Dit is weer een oggend baie vroeg. Hy het so pas na buite gegaan om te ondersoek of alles veilig is. Vanmôre is dit regtig koud. Die winterswindjie waai of hy betaal word en die ou sonnetjie wat nou net bokant die huistoppe uitloer, is maar baie swakkies. Hy loop 'n draai by die waenhuis om en kyk of iemand nie aan die slot gepeuter het nie. Nou eers gou na die voorste hekkie om te kyk of alles in die straat nog veilig is.

Sowaar as vet! hy gaan vanmôre 'n poliesman sien aankom! Dit is waarna hy nog elke dag uitkyk. Die poliesman en die piek-mie-up. Dié is glo swarterig, het outa Ramkat gesê. Maar as hy nou soiets sien, sal hy dadelik na binne gaan, baie suutjies natuurlik en vir sy pappie en al die omies sê, hulle moet nou vlug want die poliesmanne is nou hier met hulle swart piek-mie-up.

Maar vanmôre is daar ook nog weer niks. Onder in die straat kom nou wel 'n vaal kar aan. Maar hy lyk baie soos die kar van die omie met wie sy pappie smôrens saam werktoe gaan.

Hy stap kuier-kuier met die gruispaadjie aan voordeurtoe. Die kar is reeds naby. Hy besluit om gou te maak sodat hy vir sy pappie kan sê die omie wag al vir hom hier voor in die straat.

Hy draai die deur oop en gaan in. Toe hy die deur toemaak, sien hy die motor het alreeds voor die deur stilgehou. Nou moet hy gou vir sy pappie gaan sê. Maar voor hy nog uit die portaal is, klop iemand hard aan die voordeur.

Bennie draai dadelik om om te gaan oopmaak. Maar toe hy aan die deurknop vat om oop te maak, sê sy pappie agter hom: „Wag, Grootman, ek sal self oopmaak."

Toe sy pappie die deur oopgemaak het, sien hy 'n vreemde man net duskant die hekkie staan. Sy pappie maak die deur op 'n skrefie toe en stap na die man by die hek. Bennie gaan loer nou deur die skrefie. Sy pappie beduie met die hande, en hy hoor sy pappie en die ander man praat. Maar hy kan nie hoor wat hulle vir mekaar sê nie.

Opeens draai sy pappie om en stap huistoe. Toe gebeur 'n snaakse ding. Die man ruk 'n ding wat baie netsoos sy oom Jassie se rewolwer lyk, uit sy jassak en wil sy pappie skiet. Toe hoor hy mense agter hom loop en ruk vinnig om; want nou is hy bang. Hy sien dit is drie van die vlugteling-omies wat uit een van die kamers na die kombuis gaan.

Hy loer weer deur die skrefie. En toe skrik hy regtig. Want die man met die rewolwer het sy pappie nou aan die arm en druk die rewolwer in sy pappie se rug. Hy spring weg kombuistoe om vir sy ma te gaan sê dat hulle sy pappie wil doodskiet. Maar terselfdertyd kom die drie omies weer uit die kombuis uit terug.

„Omie-hulle moet pasop. Hulle skiet pappie hier voor dood!" waarsku hy en spring uit die pad want die omies lyk so verwilderd. Een van die omies loer by die voordeur uit en sê net: „O, kragtie! nou het hulle ons!" Aldrie vlie kortom en hardloop weer kombuistoe.

Bennie gaan kyk weer wat voor die deur aangaan. Maar ai, hoe skrik hy nie! Die hele wêreld wemel van vreemde mans. En hy sien ook hoe een van hulle sy pappie aanjaag met 'n pistool na die agterkant van die huis: Toe word hy sommer kwaad. Watter reg het hulle om so met sy pappie te maak? Die trane kom sommer en hy hardloop kombuistoe om vir sy mammie te gaan sê wat die vreemde mans doen.

Maar toe hy in die kombuis kom, begin die skietery. Sowat het hy nog nooit in sy lewe gehoor nie. Sussie, nog in haar naghempie, stop haar vingertjies in haar oortjies en begin sommer huil. Hy hardloop na die agterdeur en ruk dit oop.

„Maak toe die deur! Jy word doodgeskiet," raas sy mammie.

Hy sien in 'n kits hoe mans met pistole rondhardloop en op die omies skiet wat probeer wegkom. Haastig druk hy die deur weer toe. Sy mammie het hom reeds aan die arm.

„Kom tog weg daar, my kind," sê sy dringend.

Hy druk die deur toe. „Dit lyk verskriklik, Mammie. Dis gevaarlik," getuig hy, en gaan sit daar eenkant in 'n hoekie by sy sussie wat nog een strook deur grens.

Die agterdeur waai oop en sy pappie wat netnou nog deur een van die mans met pistole gedreig is, kom binne.

„Steek alles weg en moenie besorg wees nie. Ek gaan probeer wegkom," sê sy pappie aan sy mammie en hy is al weer by die middeldeur uit.

Ben kyk sy moeder met groot oë aan. „Pappie moes maar liewer in die huis gebly het. Hulle kan hom tog nie deur die mure raakskiet nie. Wat sê Mammie?"

Maar sy mammie luister nie. Haar oë is groot en bang.

Die skietery bedaar. Sy mammie is alreeds kamer-toe. Die speurders storm nou van alle kante die huis binne. Ben loer deur een van die vensters en sien dat hulle drie van die omies gevang het. Vaagweg wonder hy wat van sy pappie geword het. Een van die mans gryp hom aan die skouer en ruk hom van die stoel af.

„Waarheen is jou pa! Toe sê ons?" gebied die man.

Die ander mans hardloop soos mal goed rond en val eintlik oor mekaar soos hulle soek.

Bennie kyk die man wat hom so styf vashou, skrikkerig aan. „My pappie is al lankal weg, Omie," sê hy. „Omie sal hom nie nou meer kry nie."

Hy voel sommer trots op sy pappie wat gevang was en wat

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

hulle wou skiet maar wat tog weg gekom het.

Die mans begin nou alles omkrap, asof hulle na iets soek. Hulle tel die tapyt op en stamp op die vloer. Hulle kyk agter die stoof, in die skoorsteen op en in die ou groot koskas. Toe gaan hulle na die kamers en krap die beddens en klerekaste om.

Klein Ben volg hulle en kyk verslae na alles wat hulle doen. Hy tik een van hulle op die arm. „Omie-hulle kyk verniet in die kaste. My pappie het gesê hy gaan wegkom; en as hy iets gesê het, doen hy dit. Omie-hulle soek verniet hier. My pappie is nie meer hier nie."

„Bly stil!" snou die man hom toe. En wat kon klein Ben toe anders doen. Hy het net sy skouertjies opgetrek en by sy sussie en boetie gaan sit wat nog nie opgehou het met huil nie.

(Word vervolg)

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411
KAAPSTAD.
3 Augustus 1949.

Beste Maats,

Vandeesweek het ons weer 'n paar heel interessante briewe ontvang. Baie van ons lesers wat die afdruk van die Boerejeug-wapen ontvang het skryf en vertel hoe mooi hulle dit vind. Hier kom gedurig nog vormpies van lesers in en ons moet hulle vra om tog maar 'n bietjie geduld te gebruik aangesien ons, weens drukke werksaamhede nog nie kans gehad het om almal uit te stuur nie.

**Mev. J. Bauermeister** van **Worcester** het 'n baie bemoedigende brief aan ons gestuur. Sy skryf as volg: Net 'n paar woorde om u hartlik te bedank vir die geskenk, wat u aan my gestuur het. U sal seker nie kan dink hoe veel ek dit waardeer nie. Dit is pragtig en so betekenisvol. Ja, ek is seker een van die getrouste lesers van DIE BOEREJEUG want dit is vir my so mooi om te sien hoe vol lewe en hoeveel vasberadenheid daar onder die Boerejeug is. Alle seën vir die Boerejeug. (Baie dankie Mevrou. Ons waardeer die belangstelling van ons ouer lesers, veral omdat hulle so min is. Skryf gerus weer aan ons.—Red.)

Vanuit die **Nelspoort Sanatorium** het ons 'n groot verrassing ontvang. Dit is 'n brief van **Veldknte. Louisa Botes.** Sy vertel hoe graag sy ons blad lees. Veldknte. Botes, of, soos ons haar almal ken, Toelie, verlang net baie na die dag wanneer sy kan terugkeer om haar pligte te hervat. Sy spog selfs hoe sy haar afdeling gaan uitbou dat ons ander hier in die Kaap sommer ver onder die stof geskop sal wees. Ons verstaan ook dat sy een van die dae hier sal terug wees. Hulle leer om baie mooi naaldwerk daar in die Sanatorium te maak. Toelie beloof ook om vir ons van die naaldwerk te stuur wanneer ons weer 'n basaar hou. Sy vertel verder van die gesellige aande wat hulle daar hou en hoe baie die speletjies en pret haar laat terugdink aan die Kaap en die Boerejeug. (Ons hoop dat jy sommer binne 'n paar weke gaan terugkeer Toelie, en ons is baie bly om te bemerk dat jy nog net so entoesiasties is soos in die dae toe jy in die Kaap was. Ons sien uit na jou terugkeer. Skryf maar weer aan ons.—Red.)

**Maatjie Mostert** van **Prieska** bedank die redaksie vir die geskenk. Sy vertel ook dat haar vader net so verras as sy was toe hulle die pakkie oopmaak. Die wapen sal haar altyd aan die Boerejeug laat dink. (Dankie Maatjie, ons is bly as julle van die geskenk hou. Skrywe maar weer.—Red.)

Ons wil net weer herinner aan die wedstryd wat in die uitgawe van 20 Julie verskyn het. Maats moet onthou dat die tydjie maar baie kort is aangesien ons nog die sangbundeltjie wil druk voor die einde van September.

Hartlike Boerejeug-groete,
DIE BOEREJEUG-REDAKSIE.

# *VERJAARDAG-KETTING*

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

**AUGUSTUS**

8 Hetta Riekert, Saulspoort, Tvl.
Ansie Hougaardt, Paarl.

9 Sarel Vorster, Vryburg.
Eugéne Breytenbach, Kirkwood.
O. Douglas, Oudtshoorn.
Catharina le Roux, Bultfontein, O.V.S.


10 Dirkie Welthagen, P.K. Mooinooi, Tvl.
Annatjie Stander, Oudtshoorn.

11 Emil Marx, Pietersburg.
Sarie Theron, Koffiefontein.
Johanna Retief, Wellington.

12 Bettie Botha, Stellenbosch.
John Bronner, Vryburg.

13 Hester Smit, P.K. Matooster.
Martha Robertse, Oor Rustenburg, Tvl.
Noela Coetze, Paarl.
Herman du Toit, Aliwal-Noord.

14 Annie Eysen, Robertson.
Fredrika Slippers, Kakamas.
N. van Rensburg, Oudtshoorn.
Valerie van Deventer, Frankfort, O.V.S.



16 DESEMBER 1938! 16 DESEMBER 1949?

# V.S.A. Wil Europa Bewapen

**Grootskaalse planne om Europa teen Rusland te bewapen is die afgelope dae in Washington van stapel gestuur toe die Noord-Atlantiese Verdrag goedgekeur is deur die kongres en Truman dadelik £362,500,000 aangevra het om wapens aan vriendskaplik-gesinde lande te verskaf. Die wetsontwerp wat aangeneem is, gee Truman die reg om enige soort wapen, behalwe die atoombom, uit te deel. Die stafhoofde van die gesamentlike Amerikaanse weermag sal ook samesprekings voer met die militêre leiers van die lande wat die Atlantiese Verdrag onderteken het.**

Amerika het geen twyfel gelaat teen wie hierdie bewapening gemik is nie. Harry Truman het onomwonde verklaar dat die bewapeningsprogram noodsaaklik is omdat geen land wat nog nie onder die Sowjet-hiel is, veilig is solank Rusland die moondheid bly met die grootste vredestydse leër nie. Bewapening is nodig om Russiese vreedsame agressie te beëindig, het hy gesê, omdat dit moontlik die oorsaak van 'n nuwe oorlog kan wees.

Die Amerikaanse weermaghoofde het reeds na Europa vertrek om samesprekings te voer en vas te stel wat die lande se behoeftes is.

Met die aankondiging van die Amerikaanse planne het die Kommuniste in Italië, Frankryk en elders dadelik hul stem verhef en verklaar dat daar nou leërs teen die werkers op die been gebring word. Die voorneme is ook beskryf as optrede wat grens aan oorlog.

# Kommissie Sal Posisie Van Witvrou Bepaal

**Tshekedi Khama, regent van die Bamangwato's, het die eerste rondte van sy stryd teen die wit vrou Ruth Williams en haar swart kaptein-eggenoot, Seretse Khama gewen deurdat die Britse regering besluit het om te voldoen aan sy versoek dat 'n geregtelike ondersoek ingestel word om finaal die posisie van die blanke vrou van die kaptein, en enige kinders wat uit die huwelik mag voortspruit, te bepaal. Tshekedi is in hierdie versoek deur 43 hoofmanne wat die hele administrasie uitmaak, gesteun.**

Die aankondiging is die naweek gedoen deur die Britse Hoë Kommissaris in die Unie. Aan die hoof van die kommissie sal wees sir Walter Harrigan, regter van die hoërhof van die protektorate.

Die kommissie sal onder meer moet besluit of 'n opperhoof met 'n blanke vrou met welslae kan regeer en vasstel wat die wense van die Bamangwato is.

As Ruth Williams intussen na Betsjoeanaland wil kom, sal sy nie verhinder word nie, is verklaar.

# WERKERS EN PENSIOENARISSE IN VERSKILLENDE TAALGROEPE

Die getal Afrikaanssprekendes in die stede neem vinniger toe as die getal Engelssprekendes, het prof. S. Pauw, hoogleraar in die departement van sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, gesê toe hy lede van 'n deeltydse kursus wat handel oor „Die Volk van Suid-Afrika", toegespreek het.

Hy verwag dat, namate die Afrikaanssprekende seksie meer en meer tuis word in die stede, hul geledere steeds sal toeneem.

Die grootste beroepsgroep onder die Afrikaanssprekendes in die stede is dié van ongeskoolde arbeiders. Die tweede en derde plekke word ingeneem deur die myn- en spoorwegwerkers. **Onder die Engelssprekendes is die rang weer klerke, pensionarisse en handelaars onderskeidelik.**

Die vernaamste oorsaak van hierdie toedrag van sake spruit uit die stedelike oorsprong van die Engelssprekendes en die plattelandse oorsprong van die Afrikaanssprekendes.

# *Rasse-Oproer In V.S.A.*

Vierhonderd konstabels moes wagstaan by 'n negerhuis, nadat 'n negergesin ingetrek het in die huis wat in die blanke woonbuurte van Chicago geleë is.

'n Skare van sowat 1,000 blankes het rondom die huis vergader toe die negers ingetrek het. Hulle is 52-jarige Roscoe Johnson, gegradueerde in die wysbegeerte, en sy vrou, wat 'n maatskaplike werkster is.

Al die vensters van die huis is stukkend gegooi en brande is aangesteek wat later deur die polisie geblus is.

# NAWERKINGE VAN A-BOM NIE SO ERG SÊ DOKTER

**Uitstraling by die ontploffing van atoombomme is nie so erg as die meeste mense meen nie, het kol. James P. Cooney, 'n geneeskundige wat aan die Amerikaanse atoomenergiekommissie verbonde is, verklaar.**

Kol. Cooney wat vyf atoombomme sien ontplof het, het gesê dat Amerikaners hulle eerder moet bekommer oor tegnieke om brande wat deur atoombomme gestig word, te blus as oor uitstraling.

„Baie meer mense sal sterf as gevolg van brandwonde en die werklike ontploffing as weens uitstraling," het hy gesê.

Die vernaamste doel van die bom is die ontploffingskrag en die daaropvolgende brande, maar baie mense meen dat dit hoofsaaklik 'n wapen is wat deur middel van radio-aktiwiteit vernietig.

„Onmiddellik na die ontploffing van die bom, soos by Hirosjima en Nagasaki, is dit volkome veilig om die gebombardeerde gebied binne te gaan en diegene wat sodanig beseer is dat hulle nie kan loop nie, te red," het die geneeskundige verklaar.

# *Regering Oorweeg Universiteite Vir Kleurlinge Alleen*

**Berig word dat die regering besig is met 'n voorlopige ondersoek na die moontlikheid van die oprigting van 'n universiteit in Kaapstad waar Kleurlinge hoër onderwys sal ontvang. Kleurlingleiers wat hulle oor hierdie saak uitgelaat het, het verklaar dat hulle so 'n voorneme hand en tand sal beveg.**

Kragtens die beleid van die regering is dit nie die plan om Kleurlinge en naturelle saam aan een universiteit toe te laat nie. Soos reeds aangekondig, sal daar 'n inrigting vir naturelle in Durban opgerig word, terwyl daar nou planne beraam word om 'n hoër onderwysinrigting in Kaapstad tot stand te laat kom. Indien dit werklikheid word, sal die regering ook in staat wees om 'n einde te maak aan die saamboerdery aan die Universiteit van Kaapstad waar wit en nie-blank saam klasse bywoon.

## SAL BEVEG

Ondersoek word tans ingestel na wat die presiese benodigdhede vir die hoër opleiding sal wees en vir ongeveer hoeveel kleurling-studente voorsiening gemaak moet word. So 'n inrigting sal egter eers oor 'n paar jaar tot stand kan kom.

Kaapstadse kleurlingleiers is nog nie oor die saak geraadpleeg nie en het verklaar dat indien daar uitvoering aan die plan gegee word, hulle dit sal beveg omdat hulle vrees dat so 'n kleurlinginrigting minderwaardig sal wees teenoor ander hoër onderwysinrigtings.

# ELEKTRIESE STOEL VIR ROTTE

**Die uitvinding van 'n elektriese doodstraal vir die uitroei van muise en rotte word aangekondig in die jongste uitgawe van Electrical and Radio Trades, amptelike orgaan van dié vertakking van die handel en wat in Johannesburg uitgegee word.**

Die apparaat bestaan uit 'n metaalraamwerk wat die eenheid bevat, 'n klein motortjie wat skok-armpies aandrywe, spieëls vir 'n beeldstelsel en ander dele. Die eenheid word langs die muisgat gestel en aangeskakel wanneer 'n muis of rot 'n ligstraal onderbreek wat op 'n fotosel val. Die muis word dan saggies vasgedruk deur die skok wat intree, gedood en eenkant neergesit.

Dit duur sowat 2½ minute vandat die straal gebreek is totdat die muis dood is.

Die toestel is nog nie in die Unie ontvang nie. Dit word in die Verenigde State vervaardig, en sal na verwagting mettertyd in Suid-Afrika in die handel kom, hoewel die uitwerking van die beheermaatreëls in die opsig nog nie vasgestel kan word nie.

# *TOENAME IN BRITSE JEUGMISDAAD*

Daar het gedurende verlede jaar 'n opvallende vermeerdering in jeugmisdaad in Engeland en Wallis ingetree, volgens statistiek wat deur die departement van binnelandse sake uitgereik is.

In die ouderdomsgroepe bo 17 jaar, is daar 'n vermeerdering van ses persent, vergeleke met 1947, maar vir die groep onder 17 jaar, is die vermeerdering 24 persent.

Die vernaamste oortreding is diefstal, wat 65 persent van die oortredings verteenwoordig.

Ander oortredings is inbraak, persoonlike geweldpleging, geslagsoortredings, vervalsing en ontvangs van gesteelde eiendom.

# TERING IN S.A. 'N EPIDEMIE

**Die Unie is in 'n greep van 'n tering-epidemie, volgens mnr. G. Stent, organiserende sekretaris van die Suid-Afrikaanse Nasionale Tering-vereniging. Die omvang van die siekte is so groot dat dit duidelik is dat die regering moet ingryp, het hy gesê.**

**In Toronto is die sterftesyfer aan tering 17 uit elke 100,000 mense, maar in Suid-Afrika is dit bv. in stede soos Durban, Oos-Londen en Port Elizabeth 384, 437 en 484 per 100,000 onderskeidelik.**

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

Ons eerste uitgawe het so pas verskyn.

**BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK**

**9s. 6d. Posvry**

DEUR

**M. J. PIENAAR**

wat tydens wêreldoorlog nr. 2 in Duitsland was en hier in Suid-Afrika deur die Smuts-bewind van Hoogverraad aangekla en gestraf is.

**ONTHOU U NOG**

„Goeienaand, liewe luisteraars in Suid-Afrika". „Goeienag Boere." 'n Gesaghebbende werk deur iemand wat alles self deurleef het.

BESTEL VAN:

**VLAM-BIBLIOTEEK**
**Posbus 1230**
**PRETORIA**
OF
U BOEKHANDELAAR.

15/6/2.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# *Kommuniste Dring In, Dog Stryd Gaan Nog Teen „Vyandsonderdane"*

**Die Britse Kommunistiese Party stuur 'n vasberade veldtog van stapel met die doel om moeilikheid in die kolonies te veroorsaak, het die Britse minister van koloniale sake, Arthur Creech Jones, verlede week gesê.**

Hy het daaraan toegevoeg dat sommige Britse gebiede vrugbare grond vir die saad van die kommunisme is, en dat veroordeling van die kommunistiese leerstellings nie die enigste verdediging kan wees nie. Die lewenspeil van die inboorlinge moet verhoog word en hul grondliggende belange moet in ag geneem word.

Inmiddels word uit Rhodesië berig dat die stadsraad van Salisbury besluit het om beheer uit te oefen oor die aanstelling van amptenare wat kommunisties gesind is sowel as oor eertydse vyandsonderdane. Aanhangers van organisasies soos die Vriende van die Sowjet sal ook uitgesluit word van aanstelling of bevordering.

**Mnr. N. St. Quinton, lid van die wetgewende raad, het vergeefse beswaar gemaak teen die gelykskakeling van voormalige vyandsonderdane met Kommuniste, aangesien die Duitsers en Italianers tans saam staan teen die gemeenskaplike vyand, Sowjet-Rusland.**

Hoewel daar in die Engelse wêreld 'n toenemende aantal mense is wat die dwaasheid besef om Kommuniste en antikommuniste wat in die vorige oorlog teen Rusland geveg het, oor een kam te skeer, bly dit nog steeds die amptelike Britse beleid om hierdie kragte vir die Weste uit te skakel, soos ook in die geval van Spanje. **Moontlik sal hulle hierdie fout ook eers ontdek wanneer dit te laat is, soos Churchill tans sy foute erken vier jaar nadat dit te laat is.**

**Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.**

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**